

BabaGim die grootste geskenk!

Wiida de Klerk

My naam is Hugo De Klerk en ek is 9 maande oud, wel eintlik is ek 7 en 'n half maande oud. Ek is gebore op 34 weke - 6 wekies te vroeg en dit was omtrent 'n groot verrassing vir mamma en pappa! Ek was gelukkig gesond, al het ek net 1.9 kg geweeg, my longetjies was sterk en die dokter sê dis als te danke aan die normale kraamproses. Ek kon nog nie aan my mamma drink nie, want my suigrefleks moes nog ontwikkel, maar die oulike susters in NICU het ons mooi gehelp en my mondjie gestimuleer, sodat ek mooi kon leer drink.

Alle prematuur babatjies het so bietjie ekstra toewyding en sorg nodig. Prem babatjies kan sukkel om te suig, hulle is hipersensitief vir aanraking, geluide en dan is daar nog ander dinge soos krampe en winde, wat baie erger is as met normale voltermyn babatjies. Mamma het BabaGim op Kwêla gesien en dadelik 'n plan gemaak- ons het by BabaGim in Kathu alles geleer van stimulasie en hoe om 'n beter brein te bou. Die belangrikste was dat ons dit geniet het en dat al die oefeninge gehelp het om my breinkaarte te vorm. Ons hoor nog Tannie Lizette se stem: "Herhaling, herhaling, herhaling!"

Mamma het my elke aand masseer, want ons het alreeds in die hospitaal geleer hoe om dit te doen. Die einste masserings het gehelp om my te laat ontspaan en my van my eie lyfie bewus gemaak. Die stimulasie van my sintuie het gehelp dat ek vandag 'n wakker, nuuskierige seuntjie is wat deelneem en goed reageer. My grootmotoriese ontwikkeling was ook op koers en my mamma het kliphard gegil van opwinding toe ek die eerste keer van my ruggie tot op my maag rol.

Op 7 maande het ek gesit , en eintlik was my gekorrigeerde ouderdom toe 5 en 'n half maande. Met my 6 maande pediatriese ondersoek was die oom dokter omtrent verbaas! Mamma glo dat BabaGim die grootste geskenk is wat enige ouer sy kind kan gee. Sonder BabaGim sou ek nie al my mylpale so mooi kon bereik nie. Elke ouer en versorger behoort BabaGim te doen en met 'n prematuur babatjie, soveel te meer. Dankie BabaGim vir die toewyding waarmee julle klein breintjies help bou.

